# Die Hoogfees van Allerheiliges

# 1 November

Op hierdie dag herdenk die Kerk al dié heilige mans, vroue, kinders, martelare, bekendes en onbekendes, wie se lewens nie op geld, aardse verhoudinge, mag, roem of plesier gebou was nie, maar op God, en dus by die oomblik van hul dood God se hemelse nabyheid direk (of gesuiwer deur die Vaevuur) binnegegaan het. Ons glo hierdie heiliges, wat op aarde rein van hande en suiwer van hart lewens gelei het, is nou by God. Hulle deel in God se heerlikheid en in Christus se oorwinning oor die haat en die dood. Van die vroegste tye af het Christene ons heilige ontslapenes herdenk en vereer en sedert die 8ste eeu word hierdie hoogfees op plegtige wyse deur die hele Kerk gevier




#afrikaanskatoliek